# Getuienis Sondag 27 November 2022

Ons gaan vanoggend mekaar groet, soos hulle in die vroeë kerk gegroet het. Kom ons groet mekaar met die woorde: Vrede vir jou!!

Hierdie Sondag, is soos elke Sondag in die kerkjaar die begin van Advent. En dit is vir my altyd ironies, want die Sondag val elke jaar net na die laaste Vrydag in November. En julle weet wat gebeur die laaste Vrydag in November. Dit is Black Friday.

n Dag gevul met koop, verkoop, joligheid en oordadigheid. Die dag nadat sommige (soos die Amerikaners) “Thanksgiving” gevier het en vir mekaar gesê het hoe dankbaar hul oor hul besittings en mekaar is, gaan almal uit en gaan koop nog. Die dag waarop besighede hul verkoopsyfers vanaf die rooi na die swart neem. Persoonlik is ek meer ‘n voorstaander van GOOD FRIDAY as Black Friday. Swart Vrydag jaag my aan om binne 24 uur dit te koop wat ek glo ek nodig het. Goeie Vrydag nooi my uit om oor die jare die gebeurtenisse van die kruis en die graf deel van my lewe te maak. Swart Vrydag skree vir my: Koop die special, terwyl goeie Vrydag weer en weer in my oor kom fluister: Jy is special. Swart Vrydag laat my met trollies rondhardloop, terwyl goeie Vrydag my met ‘n deur soekende hart laat voortleef. Dalk is die uitdaging om vanuit Goeie Vrydag na te dink oor swart Vrydag. Dalk is God se liefde die eintlike winskopie in my en jou lewe.

Ek lees die week ‘n gedagte van Arthur Stewart

- Every moment is the possibility of a God moment

Ek dink dit geld vir die volgende uur.
Ek dink dit geld vir die volgende week.
Ek dink dit geld vir die volgende jaar.

Elke moment- elke oomblik- kan gevul wees met ‘n oomblik waarin God is….

God kom ontmoet ons… En ons kan God ontmoet hier waar ons is… En daar waar ons rus. En daar waar ons ook werk. En ja dalk help Sondae jou ook met jou ontmoeting met God.

So vanoggend gaan ek soms gesels- soms sing ons- ander keer weer dink ons saam. Wees oop vir waar en wanneer jy dalk jou eie God moment kan hê.

- Elke oomblik is gevul met die moontlikheid dat God jou kan ontmoet.

Vanoggend se getuienis gaan van 2 verskillende tekste gebruik maak. Ek gaan beide tekste sommer net vir julle vertel… Die tekste kom vanuit Lukas 2:41-52 en Psalm 122.

Dit wat God vir die Joodse volk gedoen het, het hulle nog altyd in verwondering gelaat. Daarom was daar ‘n Pa en Ma wat elke jaar vir die Paasfees na Jerusalem toe gegaan het. Toe hulle seun 12 jaar oud word- gaan hulle met hul seun, weer soos gebruiklik na Jerusalem gereis vir die fees. In Jerusalem neem hul toe deel aan die gewone gebruike. Toe die fees verby was, het die Pa en Ma hul terugreis begin, maar sonder dat hulle dit geweet het, was die kind nie by hulle nie. Hulle dink toe hy is dalk by ander groepe wat nie te vêr van hul af ook huis toe loop nie. Hul begin toe eers loop, later draf en na ‘n ruk voluit hardloop en soek. Na ‘n ruk besluit hul om terug te gaan Jerusalem toe opsoek na die seun.

Vir ‘n volle drie dae het hulle gesoek. Oral waar hulle geloop het. Oral waar dit aanloklik of lekker vir ‘n 12 jarige seun sal lyk. En gelukkig, op die derde dag toe vind hul hom. En hul vind hom op ‘n vreemde plek. Hul vind hom by die tempel waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra. Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde.

Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy Moeder sê vir Hom: "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Ma en Pa het met angs na jou gesoek." Maar die 12 jarige Jesus antwoord hulle: "Waarom het u na My gesoek? Het julle nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?"
Waarom het julle na my gesoek- het julle nie geweet dat ek IN DIE DINGE VAN MY VADER MOET wees nie.

Het julle nie geweet nie…. Dit is vir my belangrik om in die DINGE van my vader te bly… Ek wonder hoe lyk dit? IN die dinge van my vader?

Ons leer so baie by Jesus. Maar ons leer ook baie by die mense wat saam met Jesus op reis was. Die “ander mense”. DIe “gewone” mense saam met wie hy op reis was. Ek wonder oor Maria en Josef (Die ouers). Wat begin terug reis vanaf Jerusalem en aanneem Jesus kom saam. Sommer aanneem dat hy op sy eie saamreis. Hy is mos gehoorsaam. Baie keer in die lewe neem ons aan dat God agter ons aanloop… Terwyl ons eintlik die mense moet wees wat agter hom aanloop.
Baie keer neem ons aan God gaan saam….

Baie keer is God die waentjie wat maar net agter die kar aan loop.

Baie keer is God maar net die hond aan die leiband wat saam met ons getrek word waar ook al ons loop.

Maria en Josef- moes sekerlik vir hulself vra: Moet ons nie meer bietjie vir Jesus navolg nie? Moet ons nie meer ons seun volg nie, en ophou aan neem dat hy ons net oral volg.

Vriende, dat ek bekommerd is oor:

- Huwelike waar mense net aanneem dat Jesus hulle volg.
- Families wat feeste (soos kersfees) hou op ‘n manier waar hul nie vir Jesus navolg nie. Hul is eintlik met die fees, geskenke en oordadige etes besig.
- Werksomgewing met groot belangrike besluite waar mense net aanneem dat Jesus hulle volg.

Ek wonder of Josef en Maria nie besef het- hul moet ook volgers wees…. Hul het ook ‘n verantwoordelikheid….

Ons volg… Want hy volg….

Ons het lief.. Want hy het lief….

Ons vergewe.. Want hy het vergewe…

Ons gee om.. Want hy het eerste omgegee…

En daarom bid ons nou saam ‘n verwerking van die Onse Vader Gebed:

Ons Vader, wat nêrens woon nie en orals bly

Laat u Naam wyd en gewyd bly, hoe dit ook sy

Laat u ryk ons kom en gaan bepaal

U nuwe wêreld ons stukkie vir stukkie kom haal

Soos in die hemel, so ook op die aarde.

Leer ons om ‘n dag op ‘n slag te leef

En vergewe ons as ons die punt mis, nes ons ander vergewe

wat ook die punt mis.

Laat ons soeke nie in versoekings ontaard nie

En ons vind nie dié van die Bose wees nie

Want niks is soos U IS nie

En U is al en alles in ons wat IS

U IS en IS en IS

Vir ewig en ewig

(Outeur onbekend)

Spontane oorvertel van Psalm 122.

Vanaf die OU Testament wou die mense vir God op een of ander manier loof. Een van die maniere was deur herinnerings en gedenkfeeste by te woon. Jerusalem en sy feeste was baie belangrik. Jy as kind van God onder die verbond het 3 keer per jaar soontoe gegaan. Jy het gegaan om te onthou, om terug te dink, om dankie te sê en hopelik weer as ‘n beter “voller” mens terug te keer huis toe. Terwyl die mense gestap het na, of vanaf Jerusalem sal hul dan verskeie liedjies sing. Een van dit is toe deur Dawid in Psalm 122 geskryf, en dit gaan as volg:

Dit is vir my goed om te hoor as mense sê: “Kom ons gaan na die huis van die Here toe.” En wanneer mens die magtige Jerusalem binnekom dan weet en ervaar hulle dat Jerusalem goed gebou is. Jerusalem was belangrik. Baie baie belangrik. In Jerusalem is die wette gemaak, daar is besluit wat reg of verkeerd is, die howe is ook daar te vind. Jerusalem was spesiaal. Jerusalem is Spesiaal. Die atmosfeer. Die mense. Die omgewing. Die gebou. Daarom bid ons vir vrede in Jerusalem en hoop dat die mense gelukkig daar woon. Mag die mense daar veilig voel, en vrede ervaar. Vir Jerusalem wens ons net die beste toe. Jerusalem is spesiaal- ons sal nog liedere oor Jerusalem sing.

- (Luister GE Korsten Jerusalem 0:43)

Ons heg in die lewe baie waarde aan sekere geboue. Ek besef dit elke keer wanneer ek steeds lees oor Nuweland rugbyveld wat geskuif het na Groenpunt… Maar die gesprek gaan nie oor rugby, of ekonomie of toeskouers se ervaring nie- die gesprek word beheer deur verskeie emosies wat betrokke is. Want dit is waar ons altyd op die spoorweg pawiljoen in die son gesit het. Waar ek Danie Craven in al sy glorie gesien het. Waar ek die 1995 Rugby wêreldbeker openingswedstryd gekyk het, en gesien het hoe die Streeptruie die Curriebeker jare na mekaar lig…. Iets van die plek is kosbaar, betekenisvol, jou gemoed skiet amper vol as jy daaroor praat….

Ons almal het sulke ruimtes…

Ek voel so as ek dink aan  NG Heidelberg- waar ek gedoop is.. Waar ek vir die eerste 9 jaar van my lewe op die preekstoel rond gespeel het. Waar ‘n stuk van my roeping lê.

Of die kweekskool. Baie Engelse leeswerk, maar die wonderlikste mede student wat ook almal saam soek….

Witsand. Die mooie Witsand – daar waar die Breërivier in die se uitmond. Waar die groot kabeljoue swem en die een man se visserman storie mooier moet klink as die volgende man sin. en as jy eers daar was- dan kom jy vervuld en vernuwe terug…

Boland Landbouskool in die Paarl. Waar ek op skool was, en toe ook vir 5 jaar onder die seuns as berader gewerk het. Dit is spesiaal. ‘n plek waarheen ek graag tydens besoek terugkeer. ‘n plek waar soveel herinneringe vasgevang is.

Dalk voel jy hier in die stap so oor Something Good/ Sardinia/ Jou gunsteling restaurant/ Jou eie Spar/ jou slaghuis of dalk jou kerk.

En toe dink ek weer aan Psalm 122.. Vir hulle was Jerusalem daardie plek. Daardie ruimte. Daardie stad waaroor jy nie iets lelik kan sê nie. Daar waar jy veilig voel. Daar waar jy as mens kom en wanneer jy wegstap dan voel jy beter. Daar waar jy mense ontmoet, vriende maak en weer moed skep vir wat voorlê…. En ek is baie bly hul het so ruimte gehad. Ons almal benodig dit. Daardie “safe space”. Daardie baken van hoop. Daardie plek waar ek vir God ontmoet en beleef….

Maar die probleem kom in… as ek dink ek kan God net op daardie plek ontmoet. Dat ek dink ek MOET sondag Kerk toe gaan- want daar kan ek God ontmoet. Of dat ek Jerusalem toe moet reis wat daar kan ek God ontmoet. Of dat ek die Mighty Men en Gospel Skouspel moet bywoon want daar moet ek God ontmoet...

Dalk het die 12 jarige Jesus die antwoord hy gaan sit nou as te wel in die tempel (in ‘n gebou) maar sy antwoord is doodeenvoudig: Het julle nie geweet dat ek in die dinge van my Vader MOET bly nie…

Ons vertaal dit met: Het julle nie geweet dat ek in die huis van my vader (ons koppel dit aan ‘n gebou)… Jesus Koppel dit aan God.. nie  ‘n plek nie, maar ‘n persoon. Die plek help slegs met die ontmoeting met die persoon.

Maar in 2022 is my getuienis dat ek anders dink…. Want ek weet…

- Every moment is the possibility of a God moment.
- In every place. In everyone. In every moment…

Dalk is ons dikwels ongesond besig om die geboue op te hemel- en dan die God agter die gebou mis te kyk. Ons loop daardie gevaar om volgende jaar in ons 50 jaar feesviering net by die gebou, die pragtige kerkgebou op die hoek van Gazania en Broadway laan vas te steek.

Dalk beklemtoon ons te veel die plek en ons mis die persoon. God is nie in die gebou nie.. hy is in mense.. In oomblikke. In gedagtes… God is in klomp oomblikke waar ons hom kan ontmoet.

Want as dit gaan oor die God agter die gebou. Of die God agter die mens. Dan is dit mooier. Dalk is on te veel besig om vir mense te vertel ons gaan nou kerk toe gaan, maar ons is te min besig om kerk te wees…

En as ons in geboue- en deur mense met God besig is- dan leef ons dikwels in verwondering.

Dan leef ons anders…

En as ons vir mekaar sê dat dit nie altyd oor die plek gaan nie- maar liewer die persoon. Of die beklemtoning van die gebou nie, maar die God in die mense in die gebou… Dan dink ek jy begin met ‘n vreemde vrede leef. Want God is nie daar nie, hy is hier.

Ons elkeen smag elke dag na Vrede… ONs wil tevrede wees- maar ons wil ook vreedsaam saam leef. Daarom sal gereeld by skoonheidskompetisies die antwoord wees op vrae: Waarvoor in die wêreld wens jy? Dan antwoord die een na die ander “world peace”. Ek wens vir wêreld vrede…

En so is Psalm 122 ook heeltyd besig met vrede. Veral vanaf vers 6. Ek bid vir Vrede in Jerusalem. Mag die mense wat die stad lief het rustig in vrede saamwoon…En weereens dink ek aan die 12 jarige Jesus. Wat Vrede vind in die tempel. Of liewer net vrede vind deur in die dinge van sy Vader te wees…

Ek dink ons sien baiekeer Vrede as ‘n wapenstilstand. Of Vrede is wanneer daar nie drama of konflik rondom my is. Vrede lê egter veel dieper. Vrede is amper vir my die toestand van ‘n nuwe werklikheid binne die nou…

John Ortberg skryf”

- Peace does not lie in getting God to give me other circumstances, peace lies in finding God in these circumstances

Vrede lê daarin om hierdie oomblik as ‘n God oomblik te kan sien….

Om die wonder in die wonderwerk te sien.

Om die God te sien in hierdie oomblik…

Om die God in die goed of in die gemors te sien.

Om God te vind in ander mense en ook om God in myself te vind.

‘n Paar jaar gelde ontdek ek toe ‘n verhaal wat dit vir my prakties maak. Wat dit tuis bring. Daniel Marvin plaas op sy sosiale media die volgende foto. Die foto’s is ‘n beeld wat ons in Suid Afrika te gereeld sien- Polisie wat op ‘n bepaalde plek bymekaarkom om een of ander ondersoek te loots of probleem op te los. As jy egter bietjie die foto van nader beskou dan sal jy sien dat daar ‘n jong meisie, ‘n meisie wat lyk asof sy nog nie in die Hoërskool kan wees nie- rustig teen die muur sit en haar boek lees. Die meisie met haar boek gee vir my lyf aan vrede. Net soos Jesus se lewe lyf gegee het aan sy vrede.

En ek dink dit is dalk hoe Vrede lyk… Om t.s.v wat rondom my aan die gang is- my eie plek- my eie ruimte te vind om te rus. Ek lees nou. Ek is nou ingeskakel. Ek is nou in die dinge van Here. Ek weet ek volg vir Jesus in die oomblik. Ek gaan nou nou help, bydra, liefhê- maar vir eers vind ek net gou my eie vrede. Hierdie week was nie net die Psalm 122 of Lukas 2 my tekste nie, maar ook hierdie foto….

Dalk is die uitdaging om met God in my vir ander mense ‘n “Jerusalem” te wees, die persoon by wie ander vrede en rus kan vind. Die ruimte waar ander verfris en herlaai voel as hulle wegstap. Die persoon by wie ander veilig voel. Die een by wie ander hulself kan wees. Die een wat dit vir ander maklik of moontlik maak om in God se teenwoordigheid te leef.

Mag my en jou lewe lyf gee aan Vrede.. Want so vind ander mense ook dalk vrede. En so het ander dalk ook hul eie “God momente”

Gebed:

Ons Vader, wat nêrens woon nie en orals bly

Laat u Naam wyd en gewyd bly, hoe dit ook sy

Laat u ryk ons kom en gaan bepaal

U nuwe wêreld ons stukkie vir stukkie kom haal

Soos in die hemel, so ook op die aarde.

Leer ons om ‘n dag op ‘n slag te leef

En vergewe ons as ons die punt mis, nes ons ander vergewe

wat ook die punt mis.

Laat ons soeke nie in versoekings ontaard nie

En ons vind nie dié van die Bose wees nie

Want niks is soos U IS nie

En U is al en alles in ons wat IS

U IS en IS en IS

Vir ewig en ewig

(Outeur onbekend)